# 10 Maart 2023 - Lesing 44 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 54 - SPOOK GEESTE, HELDEDADE EN LIEFDESDADE (25.05.1841) HIM1.366

1] Julle sal by julleself dink: Hierdie begraafplaas verskyning (wat deur die dienaar op die terugweg van die "Kulmberg" gesien is), alhoewel dit geestelik is, is dit nie eintlik op die oog af buitengewoon uitstekend nie! Dit is waar dat menige verskynings uit die geesteswêreld in sy uiteindelike uiterlike voorkoms niks besonders vir die oog bied nie. Maar dit is dieselfde met alle geestelike verskynsels: Hoe groter hulle is in geestelike terme, hoe onbeduidender is hulle altyd in hulle uiterlike verskyning. Maar hoe groter die voorkoms van 'n geestelike verskynsel lyk, hoe minder is dit in wese.

2] Julle sou dikwels gehoor en gelees het dat in sommige ou, vervalle, sogenaamde ridderkastele, daar sulke groot verskynings en "spokery" dikwels plaasvind, dat verskeie provinsies en lande 'n heel geheimsinnige kennis daaroor opdoen. En as julle die geleentheid kry om self so ’n nagtelike “spokery” by te woon, sou jy sekerlik uitroep: "Ag, dit is tog iets buitengewoons!". En as julle, soos baie ander mense, sulke betowerde kasteelprinse snags klippe en ander voorwerpe sou sien gooi of ronddra, sou jy werklik die buitengewone aard van so ’n verskyning vir die res van jou lewe nie kon verteer vanweë die grootsheid daarvan nie!

3] Maar as Ek daarby nog jou geestesoog sou open, sou jy nie veel anders daaroor oordeel, as toe jy onderweg ‘n paar straatbooswigte ontmoet het, wat hulle met ‘n paar niksseggende, los slenters vermaak het nie!

4] Die kleine verskynsel van twee parende muggies, waarvan julle byna niks maak nie, oortref in grootheid en betekenis alle kasteelspoke van die oertye af tot by julle en ver die toekoms in.

5] So is dit ook verder met die "dade" van mense! Daar is “helde” onder hulle wat derduisende jare gelede die sogenaamde grootste dade verrig het, en vandag nog word dit deur duisende historici besing en weer gebore vir die slegte geheues. Maar voorwaar Ek sê vir julle, wanneer die groot biblioteek in My koninkryk eendag vir julle oopgemaak word, sal julle met baie tevergeefse moeite daarin soek na die baie "helde van groot dade". Wel sal julle jul egter verwonder, hoe in hierdie ewige lewensboeke 'n ongemerkte liefdesdaad, wat in die geheim uitgevoer is, dikwels tot in alle ewigheid betekenis kry deur nuwe en nog nuwer wonderwerke!

6] As een van julle byvoorbeeld ooit 'n arm, siek, moeë persoon of 'n arm, hulpelose kind van welke geslag ookal ontmoet het, en julle het aan hom/haar genade betoon, dan oortref slegs hierdie daad, al die gewone groot dade van al die wêreldhelde, wie mense by duisende en nogmaals duisende laat slag het, asof hulle heersers oor lewe en dood is, soos Ek, terwyl hulle nie eens in staat is om 'n verdorde grashalm te laat herleef nie. En al kon hulle dit ook, hoe gering sou so 'n daad wees in vergelyking met diegene deur wie jy nie net 'n grashalm tot lewe gebring het nie, maar Ek sê vir julle, oneindig meer as ’n grashalm. **Daarom luister en verstaan goed, deur watter daad jy een van My broers tot die lewe gewek het!**

7] As jy nou die eindelose verskille in die gees oordink, van so ‘n grootskaalse slagting tot die herlewing van ‘n kleine grashalm, en vandaar tot die opwekking van ‘n onsterflike broer, sal dit sekerlik vir jou duidelik word waarom sulke aardse heldedade nie in My biblioteek voorhande is nie, en waarom ander liefdesdade weer, wat dikwels op aarde so min bemerk word, in My Koninkryk so 'n uitsonderlike, sê Ek, ewig wonderlike sensasie veroorsaak.

8] Dit gaan met hierdie sagskynende liefdesdade op hierdie aarde byna soos met iemand wat sy naam met die punt van ‘n naald in die sagte bas van ‘n jong boompie graveer het, waar die naam groei, soos die boom self ook. En as die boom tot in die oneindige kon groei, soos in My Ryk, sou die naam met die boom self dus ook oneindig groei, sodat elke individuele letter uiteindelik 'n oneindige veld word, waarop nuwe en ontelbare wonders 'n groot ruimte mag hê om hulself te onthul.

9] Daarom, My liewe vriende: waar julle ookal in My Naam gaan en wat julle ookal in My Naam aanskou en waarneem, as julle werklik groot dinge wil waarneem, **rig dan julle oë op die klein dinge en skynbaar onbeduidende gebeurtenisse!**

10] Voorwaar, in julle gees sal jul sonder moeite ondervind wat groter is: ‘n Stralende sentraalson of die traan van ‘n arm, huilende kind. Voorwaar, sou jy die trane afgedroog, en die hongeriges selfs 'n karige stukkie brood gegee het, het jy meer gedoen as wanneer jy 'n biljoen sentraalsonne geskep en weer vernietig het.

11] Want hierdie, en al die wêrelde met hulle heerlikheid sal eens vergaan en vernietig word, maar uit die dade van liefde sal onverganklike sonne en wêrelde in hulle plek voortspruit en hul sal groei en heerliker word tot in alle ewigheid der ewighede En daarin sal jy **die groot heerlikheid aanskou van die "nuwe hemele" en die "nuwe aarde",** wat sal wees en wat reeds is: **Suiwer, onverganklike werke van ewige liefde,** soos wat die huidige (wêrelde) werke is van toorn en van sy dodelike Mag.

12] Doen daarom die liefde aan almal, sonder onderskeid, en help na julle vermoë, elkeen wie julle hulp benodig, en so sal julle werke volmaak wees en julle in jul werke, net soos Ek, julle Liefdevolle Vader in die hemel, volmaak is.

13] Dit sê Ek, wie vir die kleintjies liewer is as vir die grotes. Amen!